3. Klasgesprek: Voorblad & Agterblad

Klasbespreking:

- Waarom is die titel so groot en in rooi geskryf?
- Wat sien julle alles raak?
- Wat simboliseer die objekte?
  (Hou hierdie byderhand en vul die verband met die storie aan soos wat julle lees.)
- Watter karakters is daar?
- Hoe oud, dink jy, is die karakters? Hoe weet jy dit?
- Wat is die karakters besig om te doen?
- Kan jy enige iets omtrent die karakters se liggaamshouding aflei?
- Watter emosie, dink jy, ervaar die karakters? Motiveer jou antwoord.
- Wat dink jy van die kleurgebruik op die voorblad?
- Wie is die skrywer?

WAT SAL
JY DOEN AS
JY DIE LOTTO WEN?

Werner, TC en Einstein droom soos enige graad 9-seun oor wat hulle sal doen as hulle eendag die Lotto wen. Slimkop TC is vas oortuig hy sal die regte nommers kan voorspel, en die drie besluit om vir die pret kaartjies te koop.

Teen alle verwagtinge wen hulle - 'n rapsie oor die drie miljoen. Maar nou sit hulle met 'n probleem: hulle kan nie die geld opeis nie, want hulle is nog nie 18 nie ... En dan verloor Werner se ma haar werk, en met sy oupa se siekte het hulle juis die geld nodig.

Gaan TC se plannetjies om die geld te kry uitwerk? En as hulle die geld kry, wat gaan Werner doen met sy drie miljoen?

lapa UITGEWERS

Klasbespreking:

- Waarom word die vraag bo-aan die agterblad gevra?
- Wie is die "hulle" wat drie miljoen wen?
- Watter groot probleem keer hulle om die wengeld in die hande te kry?
- Watter antwoord verduidelik "teen alle verwagting" die beste?
  - ➢ Almal het dit verwag.
  - ➢ Daar was geen verwagting nie.
  - ➢ Niemand het dit verwag nie.
- Watter twee redes word op die agterblad gebruik om vroeg-vroeg al 'n bietjie spanning te veroorsaak?
- Hoekom, dink jy, was dit slim om die laaste paragraaf weer in vraagvorm te skryf?
- Waarom is daar 'n ISBN-kode?
- Wie is die uitgewer van die boek?